HOOFSTUK 17: DELEGERING

1. INLEIDING

Ten einde bepaalde werksaamhede en funksies van Die Voortrekkers te versnel kan sekere werksaamhede en funksies na ‘n ondergeskikte bestuursliggaam gedelegeer word soos in die hoofstuk verder bepaal.

2. BEGINSELS

Delegering van die magte en pligte is moontlik wanneer:

2.1 die grondwet nie sodanige delegering uitdruklik verbied nie en

2.2 dit tot vaartbelynde optrede lei onderworpe daaraan dat die betrokke bestuursliggaam steeds verantwoordelikheid en aanspreeklikheid aanvaar.

3. DELEGERING VANAF DIE KONGRES

Die kongres kan enige van sy funksies na die hoofbestuur delegeer vir ondersoek/afhandeling/ implementering behalwe om die grondwet in wese te wysig of om *Die Voortrekkers* te ontbind.

4. DELEGERING VANAF DIE HOOFBESTUUR/HOOFDAGBESTUUR

Die hoofbestuur kan die volgende sake na 'n gebiedsdagbestuur delegeer:

4.1 die goedkeuring van die lidmaatskap van lede, met die voorbehoud dat appèl na die hoofdagbestuur steeds moontlik is.

5. DELEGERING VANAF 'N GEBIEDSBESTUUR/ GEBIEDSDAGBESTUUR

'n Gebiedsbestuur kan die volgende sake na die gebiedsdagbestuur delegeer:

5.1 die goedkeuring van die aansoeke vir die Toekenning van die Voortrekkervriend en

5.2 die toekenning van silwer en daaropvolgende voorjukke.

6. DELEGERING NA OORDBESTUUR

'n Gebiedsbestuur kan die volgende sake na 'n oordbestuur delegeer:

6.1 die goedkeuring van aansoeke vir die Toekenning van die Voortrekkervriend;

6.2 die goedkeuring van aansoeke vir die Medalje vir besondere diens aan die Voortrekkerbeweging – brons;